



WOLBOER WOOL FARMER



This e-newsletter is compiled from sources that are deemed reliable. However, the publisher accepts no responsibility for any errors or the effect of any decisions based on this publication.



MAART/MARCH 2016
NWKV Nuusbrief 36 / NWGA Newsletter 36

CMW is die hoofborg van hierdie nuusbrief.

Inform us about events in your area or if you want to receive the newsletter. Contact Karen Grobler at 082 774 7008 or send an email to karen@agriconnect.co.za or Bonita Francis nwga@nwga.co.za or call 041 365 5030.



Remember to visit our Facebook page.

The link is <https://www.facebook.com/pages/NWGA/679678912058277>

>>> Inhoud >>> Content

- 1. Shoot for the second photo competition
- 2. Nuwe leierskap vir Noord-Kaapse NWKV
- 3. Dosering van lammers
- 4. Nuwe bloed op Vrystaatse bestuur
- 5. Vrystaatse wolboer vereer
- 6. Vergiftiging weens blougroenalg
- 7. New leadership for Eastern Cape NWGA
- 8. Good Samaritan assists communal farmers in drought
- 9. Hoofstukke oor predasie en skeer in kode bygewerk
- 10. Communal training on internal parasites




1 → Shoot for the second photo competition

Following the very successful photo competition last year, entailing 178 entries and the winning image of Frans Stottelaar grabbing the R5 000 prize money, the NWGA has decided to launch a second competition.

This year there will be three prizes, as the winner will receive a R6 000 voucher, the runner-up a R3 000 voucher and the third prize a R1 500 voucher. All inspired photographers are invited to take part in the "Capturing the Wool Sheep" photo contest and to send images to Bonita Francis at nwga@nwga.co.za before 15 May 2016. Winners will be announced at the 2016 annual congress in June.



2 → Nuwe leierskap vir Noord-Kaapse NWKV



Herman Hugo is as die nuwe voorsitter van die Noord-Kaapse NWKV aangewys.


Die landbou-omgewing is dié plek om in te belê, het Absa se Ernst Janovsky tydens die Noord-Kaapse NWKV-kongres vroeg in Februarie gesê. Janovsky was die gasspreker en het 'n baie positiewe boodskap aan wolboere oorgedra. Hy het verwys na die produksie van mielies wat met 30% afgeneem het, terwyl die prys 60% hoër is, en wat dus beteken dat boere die potensiaal het om meer te verdien.

Die wêreld is tegnologies georiënteerd, wat beteken dat die boerderyproses meer gevorderd is en die kanse op misoeste baie skraler is. Dit word al hoe belangriker dat bemarking, maatskappye, banke en boere proaktief optree om in te skakel by geleenthede wat voedselsekuriteit vestig, het Janovsky gesê.

Herman Hugo van die Victoria-Wes-distrik en Pieter le Roux van Fraserburg is tydens die Noord-Kaapse kongres onderskeidelik as voorsitter en visevoorsitter aangewys. Herman neem die leisels by Gerrit du Toit oor, wat vier jaar lank as voorsitter gedien het, terwyl Pieter die visevoorsitterstoel by Fanie Dippenaar oorneem, wat nou aangewys is as die administrasiewe bestuurder van die Noord-Kaap-tak.



3 → Dosering van lammers



Lammers en dragtige ooie is die kwesbaarste diere op die plaas. Dit is veral die geval by lammers, omdat hulle nog nie 'n doeltreffende immuunsisteem ontwikkel het nie en dus spesiale aandag verg.

Jannie Fourie, NWKV-produksie-adviseur in die Wes-Kaap, wys boere op die basiese beginsels van die dosering van lammers en beklemtoon hoe belangrik dit is om hulle voortdurend te doseer. Hy sê dat boere die natuur moet lees en dit veral moet dophou ná goeie reënval (vog), op besproeide weidings (vog en hoë dierelading), by lekkende waterkrippe (vog en aansameling van mis), fonteine en vleie. Die volledige artikel is op die NWKV se webtuiste.

http://www.nwga.co.za/images/downloads/Dosering_van_lammers.pdf



4 → Nuwe bloed op Vrystaatse bestuur



Jacques Prinsloo (links) en Kosie de Villiers.

Foto: Ilze-Mari Cockcroft van *Mik Hoog Nuusblad*, Vrede

Kosie de Villiers neem die leisels oor by Jacques Prinsloo as NWKV-bestuurslid in die Vrededorp-distrik. Prinsloo het die Vrystaatse bestuur die afgelope agt jaar gedien. Die Vrystaatse NWKV verwelkom die deelname van De Villiers, wat baie nou betrokke in sy gemeenskap is.



5 → Vrystaatse wolboer vereer



'n Silwerramtoekenning is by die Senekal-streeksvergadering aan Gert Heyns, NWKV-bestuurslid, oorhandig. Persone wat uitsonderlike diens aan die NWKV lewer, word met dié toekenning bekroon.

Gert, wat die Vrystaatse dagbestuur nou vir die afgelope 13 jaar aktief bedien, het sy gebiedstak op Graan SA se nasionale kongresse verteenwoordig en is ook betrokke by die Steynsrus Boerevereniging en Vrystaat Landbou.



Saam met Gert Heyns is Herman Archer (vicevoorsitter: Vrystaatse NWKV) en Cobus de Jager (voorsitter: Vrystaatse NWKV)

Gert se betrokkenheid by die reël van vele suksesvolle inligtingsdae in die Steynsrus-distrik en sy vermoë om aansienlike hoeveelhede nuwe lede vir die Vrystaat te werf, is maar enkele van sy merkwaardige bydraes.

Baie geluk, Gert.

6 Vergiftiging weens blougroenalg

Volgens die NWKV-produksie-adviseur in die Wes-Kaap, Jannie Fourie, is blougroenalgvergiftiging 'n groot probleem, veral langs die Weskus en in die Swartland (einde Februarie 2016).



Alhoewel daar geen doeltreffende behandeling vir aangetaste diere is nie, word goeie beheer in die Wes-Kaap uitgeoefen deur 'n garsstrooibaal tydens gevartye in drinkdamme te gooи. Die verrottende strooi strem die groei van die alge.

Dr. Hensie Lategan van die Bredasdorp Dierenkliniek het 'n artikel saamgestel. Lees dit op die NWKV se webtuiste by http://www.nwga.co.za/i.../downloads/JFourie_Blougroen-Alg.pdf



7 New leadership for Eastern Cape NWGA



HB van der Walt

Wool and red meat producers decided to combine efforts for a joint congress in order to save costs and time. At the biannual congress of the NWGA and RPO, HB van der Walt was elected chairman and

Tink Strydom of Barkly East vice-chairman. As Andile Ndzendze clearly had the confidence of most members, he was re-elected second vice-chairman focusing on the interests of communal farmers. HB van der Walt, a farmer in the Burgersdorp district, took over the reins from Casper Labuschagne, who has been serving as NWGA national vice-chairman for the past year.

Approximately 120 farmers, delegates and guests attended the congress, which was held just outside Queenstown.

Salam Abraham, former member of the portfolio committee for agriculture and cattle producer from the Free State as well as André Fourie, Voermol consultant, addressed the congress as guest speakers.




Tink Strydom



MAXIMISE
return on your investment.



100% targeted communication to ALL wool producers and stakeholders!



Wool producers must make money. With this in mind *Wolboer/Wool Farmer* print and digital magazine is the only dedicated and 100% targeted publication for the South African Wool Industry and is the official voice of the NWGA.

Advertising your **products, services and auctions** will give you maximum exposure and targeted media coverage. Your message is sent to thousands of farmers, wool producers, and industry stakeholders. We make it simple to get your message out quickly and effectively.



Please contact Ilse Liveris and her team to discuss targeted advertising solutions to suit your needs.

- 012 843 5717 | 072 708 4401
- ilsel@agriconnect.co.za

8

Good Samaritan assists communal farmers in drought




Andile Ndzendze, Eastern Cape vice-chairman (communal) would like to thank Michael Newcombe, dairy farmer of Thorneycroft farm in the Nanaga area, situated between Port Elizabeth and Alexandria, for his generosity in donating bales of feed to the drought-stricken Mthatha and surrounding areas. Andile, who farms in Viedgeville, Mthatha, met Newcombe a few years ago and while passing through the Nanaga area, their paths crossed again in June last year. Upon hearing about the devastating effects of drought, Newcombe assisted the community with six bales of feed last year and another four this year. "The generosity of this good Samaritan is commended", said Ndzendze.



9

Hoofstukke oor predasie en skeer in kode bygewerk



'n Kode van Beste Praktyke (KvBP) is in 2007 opgestel om produsente in staat te stel om rouwolproduksiestelsels teen internasionale gehaltestandaarde te meet. Die kode sluit maatskaplike verantwoordelikhede wat hierdie standaarde ondersteun in.

'n Dokument, *Beste praktyke vir predasiebestuur in Suid-Afrika*, is deur die Predasiebestuursforum goedgekeur en word nou as 'n hoofstuk binne die KvBP vervat. Voorkomende en remediërende bestuursmaatreels word omvattend beskryf. Die gebruik van gifstowwe in giflokaas en gifhalsbande word ook behandel.

Bykomend tot die oorspronklike hoofstuk oor skeerpraktyke, moet lezers hulle vergewis van hul maatskaplike verantwoordelikheid teenoor skeerders en wat hulle verpligte teenoor skeerders se werksure en fasiliteite soos slaapkwartiere, ablusiegeriewe en kookfasiliteite behels. Besoek die NWKV se webtuiste vir die volledige handleiding en bykomende hoofstukke.


www.nwga.co.za/home-mainmenu-1/reports-documents/code-of-best-practice-for-wool-sheep-farming.html



10> Communal training on internal parasites

In most sheep production areas, internal or gastro-intestinal parasites (i.e. worms) are usually the primary diseases affecting sheep and lambs. For several reasons sheep are more susceptible to internal parasites than most other types of farm livestock.

The NWGA production advisors serving communal areas attended a half-day training course in animal health in Kokstad in March. The topic of internal parasites was addressed and Leonard Fletcher, representative of Zoetis, presented a course on how to identify the symptoms and, most importantly, how to treat animals against these parasites. The production advisors now has a better understanding and can more easily identify symptoms of internal parasites and thereby assist communal farmers in managing animal health programmes.





CMW/OVK DIENSTE

- ♦ Tegniese velddienste
- ♦ Skeerdienst
- ♦ Finansiering
- ♦ Handelsdienste
- ♦ Bemarking van wol
- ♦ Bemarking van sybokhaar
- ♦ Lewendehawe en eiendom
- ♦ Kuddebestuursopleiding
- ♦ Abattoir

CMW • Tel 041 406 7500

info@cmw.co.za

OVK • Tel 051 923 4500

ovk@ovk.co.za



SAAM
bereik ons meer
TOGETHER
we achieve more